# Aangetrek vir die lewe

**Hoed op die kop wat die son kan stop.**

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 23 November 2025

**Efésiërs 6:17 (AFR20)**

Dra ook die helm van verlossing...

Barbara se boetie, Andries Enslin, woon nou in Amerika. Maar tien jaar gelede, toe hy nog in Suid-Afrika gewoon het, het 'n wildsplaas naby Parys gehad. En Parys is naby die Vaalrivier. En in die Vaalrivier is vis. Ek moes Vrystaat toe vir 'n konsert, en toe roep die vis my. Andries het my vroeg-oggend by die Vaalrivier afgelaai. Dit was een van daardie perfekte dae – 'n koel oggend wat, soos wat die son hoër klim al hoe warmer geword het. Die water was mooi. My hart was vol.. En my kop was kaal.

Aan die begin was dit nie 'n probleem nie. Ek het nie eers gedink aan die hoed wat ek nie by my gehad het nie. Tot die son hom vererg het. Soos hy ongenadiglik begin klim het, het die genade verdwyn. Dertig grade en nie 'n boom in sig nie. Die son het my alleen gekry. Net ek en die water, en die son... Ek het later so half onder 'n bos probeer inkruip maar die son het my uitgeruik. Ek het ek nie eers meer probeer visvang nie, en as ek naby water met karp en geelvis is en nie visvang nie, dan kan jy weet, daar is groot probleme. Teen die tyd Andries my kom haal het, was ek net een stuk verbrande moedeloosheid. En dit, omdat ek nie 'n hoed gebring het nie.

'n Romeinse soldaat het nie net sonbrand gekeer nie, maar die dood. Sy helm, die galea, was ontwerp om houe van swaarde en knuppels en klippe teen die kop – die senuweesentrum van die liggaam – te absorbeer. Sonder daardie helm, was hy nutteloos en kwesbaar. Dit is die erns wat Paulus wil oordra wanneer hy sê: "Dra ook die helm van verlossing." In die geestelike stryd is ons gedagtes die primêre slagveld. Sonder beskerming, is ons kanse om staande te bly, uiters skraal.

Dawid het gesê...

**Psalm 140:8**

HERE Here, Sterkte van my heil, U beskut my hoof in die dag van stryd!

Die helm van verlossing, redding.

Maar moet 'n mens regtig verlos word? Waarvan?

## ’n Outydse, ongewilde woord: Sonde

Voordat ons kan verstaan hoe belangrik die helm is waarvan Paulus praat, moet ons eers dink wat die Skrif sê van dit waarteen hierdie helm ons moet beskerm. Anders beantwoord ons ’n vraag wat nie gevra word nie. ’n Oplossing beteken niks vir iemand wat nie glo hy het ’n probleem nie.

Paulus praat van “verlossing”, “redding” (soteria). Verlossing impliseer 'n redding uit 'n gevaar. Wat is hierdie gevaar? Die Bybel se antwoord, in een woord, is: sonde.

Maar jy sal met my saamstem, die woord “sonde” het bagasie, dit het 'n ernstige openbare betrekkinge-probleem. Vir baie mense klink dit soos 'n eng, verouderde lys van reëls. Skeptici sê dis ’n begrip wat die kerk gebruik om mense te laat skuldig voel en só ’n houvas op hulle te kry. Maar die Bybelse konsep van sonde is soveel groter, dieper en iets wat ’n mens ingrypend affekteer, en potensieel vir ewig kan affekteer.

Sonde, in sy kern, is nie net 'n lys van slegte dade is nie. Selfs nie die dinge wat ’n mens weet donker en boos, of wreed is in jou eie verlede nie. Sonde is nie net ’n geskiedenis nie, dit is 'n toestand.

Keller se beskrywing van sonde kom by die kern van wat dit is:

"What the Bible means by sin is all the deterioration, all the alienation, all the disintegration that happens when you’re separated from God.” (Timothy Keller)

Dit is die toestand van ’n mensdom wat kies om onafhanklik van God te leef.

Jesus het probeer om sonde se diepste aard te beskryf as ’n verbreekte verhouding. Dink aan die gelykenis van die Verlore Seun. Die jongste seun gaan na sy pa en sê: "Gee my my deel van die erfporsie." Hy vra eintlik vir iets wat in ’n sin reeds syne is. In die kultuur van die tyd het seuns voor hulle pa se dood reeds geweet hoe die erfporsie opgedeel is. Jy het dit in ’n sin reeds begin bedryf onder jou pa se toesig. Jou erfporsie is gekoppel aan jou verhouding met jou pa. Hierdie seun se motief wys wat sonde met ’n mens se hart doen. Hy sê eintlik: "Vader, ek wil die rykdom hê wat U my gee, maar ek wil dit hê sonder U. Ek wil U gawes hê, maar ek wil nie meer U teenwoordigheid, U gesag, in my lewe hê nie. Ek wil nie ’n verhouding met u hê nie. Ek wil my eie baas wees.”

Hierdie besluit om onafhanklik te leef, is soos die oerknal van alles wat verkeerd is in die wêreld. Die Bybel dring daarop aan dat elke probleem wat ons kan opnoem – geestelik, sielkundig, sosiaal, fisies, en selfs ekologies – die direkte of indirekte gevolg is van hierdie breuk, hierdie selfverklaarde onafhanklikheid. Alles van jou diepste skuldgevoelens en angs, woede, armoede, tot siekte, oorlog, en die dood, is die simptome van 'n wêreld wat van sy Lewensbron afgesny is.

As jy 'n plant van sy wortels afsny, sal dit nie onmiddelik dood lyk nie, maar die proses van doodgaan het reeds begin. Daar is nog lewendige selle, daar is nog beweging, maar die gevolg van die afsny is dat die bron van lewe weg is. Die dood het begin. Dit wat nou nog goed lyk is eintlik besig om te verlep en te verrot. Die dood heers in die oorblyfsel van lewe. So is dit met

die mens, die mensdom het homself van sy Wortel afgesny, en ons lewe is letterlik die proses van doodgaan. Sonde is daarom ’n toestand wat allesomvattend is. Dit affekteer elke deel van jou lewe.

Dit is die krisis. Dit is die gevaar. As die probleem so omvattend is, moet die oplossing – die soteria, die verlossing – ewe omvattend wees. En dit die groot boodskap van die Bybel is—God wat kom om ons te verlos, God wat ons terug wil bring na die bron van lewe.

En wanneer ’n mens weer by die Bron van lewe kom, begin jou verlossing. Paulus sê hoe jy jou denke bewapen met die betekenis van verlossing, hoe meer sal jy die geveg van die lewe wen.

Ons sit daarom met vanoggens se boodskap as’t ware die helm van verlossing op deur te dink oor ons redding.

Daar is drie maniere wat ’n mens oor verlossing moet dink. Eerstens, kom ons noem dit…

1. **Die Helm van die Verlede: EK IS REEDS GERED—die radikale *nuwe begin* van geloof**

Die eerste faset van ons verlossing is 'n historiese feit – dit is afgehandel.

Op twee maniere lê jou verlossing in die verlede.

- Eerstens: Jesus het die prys vir jou verlossing ten volle betaal. Verlede tyd. Afgehandel.
- Tweedens: As jy Jesus aangeneem het, het jy ’n kind van God geword. Die verhouding se herstel het begin. Jy het by die Bron van lewe uitgekom. Jy is ten volle en finaal gered van die straf van sonde.

**Johannes 1:12-13**

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; 13wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van ’n man nie, maar uit God gebore is.

En van jou sê Paulus jy staan nie veroordeeld voor God nie, en jou lewe het in ’n s’n van voor af begin asof jy ’n nuwe mens is…

**Romeine 8:1**

Daar is dan nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie.

**2 Korinthiërs 5:17**

17Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

18En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus

Hierdie sekerheid, geanker in iets wat in die verlede gebeur het, Christus het iets gedoen, en jy het dit geglo en Hom aangeneem, om jouself daaraan te herinner, om dit te bly glo, is hoe die helm van verlossing jou beskerming teen aanvalle op jou gemoed, soos die stemme van twyfel, “Is ek regtig verlos, gered?”, stemme van skuld, skaamte en veroordeling, “Is ek regtig vergewe?” Die aanklaer sal jou altyd herinner aan jou verlede voor jy ’n gelowige geword het, en ook aan dinge wat jy daarna gedoen en bely het: "Onthou jy wat jy gedoen het? Jy noem jouself 'n Christen? Jy is nie goed genoeg vir God nie.”

Om hierdie helm op te sit, is om daardie gedagtes van twyfel teë te staan met die waarheid van wat Christus reeds vir jou gedoen het. Jou verlossing , en jou verwelkoming in die Vader se gesin is finaal verseël deur wat Christus aan die kruis gedoen het. Toe Hy uitroep, "Dit is volbring" (tetelestai), het Hy 'n rekeningkundige term gebruik wat beteken: "Die skuld is ten volle betaal.”

Het jy so ’n verhaal? Ek onthou my eerste gewaarwordinge as kind dat die Here my na Hom toe trek. Ek onthou ’n oorgawe as tienerseun. Of jy ’n spesifieke tyd onthou of nie, die vraag is of jy in jou diepste wese weet jy het in Jesus begin glo. Het die besef dat jy verlossing nodig het tot jou deurgedring, op ’n spesifieke tyd of gelydelik? Wéét jy dat jou lewe aan Christus se heerskappy oorgegee is?

Johannes sê, as jy hierdie Heer aangeem het as die Meester van jou lewe, het jy ’n mag, ’n gesag: jy kan jouself ’n kind van God noem. Jou verlossing is ’n feit van die verlede. Dit het gebeur....

Maar hier moet ons versigtig wees. 'n Gevaar in sekere teologiese strominge is om hierdie verlossing voor te hou as 'n outomatiese, onvoorwaardelike transaksie wat nét iewers in die verlede plaasgevind het, wat nooit gekanselleer kan word nie, en wat selfs nie 'n voortdurende oorgawe vereis nie. Oor en oor waarsku die Nuwe Testament ons om nie ons geloof te versaak nie, om te volhard.

En Paulus is baie spesifiek. Die vryheid van veroordeling geld slegs vir hulle "wat in Christus Jesus is." “In Christus” is nie soos 'n eenmalige kaartjie wat jy geknip het nie; dit is 'n beskrywing van 'n lewe wat jy êrens in die verlede gekies het toe jy gesê het, “Ek wil u volgeling wees.” Jy het gekies om ’n lewende, verhouding te hê. En dis wat “In Christus” beteken, in verhouding met Christus, in afhanklikheid van Christus, in vertroue op Christus, in gesprek met Christus... In Christus is ’n verhoudingsterm.

Jesus self het dit, ’n verrhouding met Hom, die spilpunt van ons sekerheid van verlossing gemaak. Hy het aan sy dissipels gesê in...

**Johannes 15:4–6**

Bly in My, en Ek in julle. Net soos die loot nie uit homself vrug kan dra as dit nie in die wingerdstok bly nie, so kan julle ook nie, as julle nie in My bly nie. Ek is die wingerdstok, julle is die lote... As iemand nie in My bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog; en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

Die afgehandelde feit van verlossing uit die verlede is afhanklik van ons daaglikse, volgehoue

verhouding en oorgawe om in Hom te bly. My sekerheid van verlossing het wel êrens in die verlede begin, maar die besluit wat ek dalk dertig jaar geneem het was om ’n volgeling te word. As ek vandag steeds ’n volgeling is, is daardie feit van my redding dertig jaar gelede steeds ’n feit. Ek volg Christus steeds. Ek leef steeds vanuit die Bron van lewe. Dit wat Hy aan die kruis vermag het bepaal steeds dat ek ’n verloste is. Dis die helm van verlossing wat uit die verlede kom.

Hierdie helm beskerm jou daarom teen twee leuens. Aan die een kant, die leuen van wettisisme, wat sê jy moet jou redding verdien deur jou goeie werke. Aan die ander kant, die leuen van goedkoop genade, wat sê jou redding is gewaarborg, ongeag of jy in 'n lewende, afhanklike verhouding met Christus staan. Meriete is nooit die voorwaarde nie, maar 'n volgehoue verhouding van oorgawe is altyd.

En dit bring ons by…

**2. Die Helm van die Hede: EK WORD STEEDS GERED—die radikale *transformasie* van geloof.**

Noudat ons die straf van sonde vrygespring het deur in Christus te bly, begin die lang, en soms moeilike, opruimingsproses van die gevolge van daardie onafhanklikheid in ons lewens. Ons is gered van die straf van sonde, maar ons word ook nou, dag vir dag, steed gered van die krag van sonde.

Die brand is geblus, maar die huis is nog vol rook en roet en waterskade, en daar smeul nog kole hier en daar. Die kanker is verwyder, maar nou is daar 'n lang pad van rehabilitasie en herstel. Die verval, die aanvanklike effek van onafhanklikheid van God, die gebrek aan selfbeheersing, die vrees, die angs, die selfsug – is steeds deel van ons realiteit, maar ons het by die oplossing gekom. By die Bron van lewe waarvan ons afgesny was. Redding het begin.

Daarom sê Paulus in…

**Filippense 2:12**

12Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil (verlossing) uit met vrees en bewing;

13want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Hierdie faset van die helm beskerm ons denke teen hopeloosheid. Die vyand fluister: "Sien? Jy het weer misluk. Jy sal nooit daardie gewoonte verbreek nie. Jy is vir altyd vasgevang in hierdie siklus."

Om die helm op te sit, is om te weet God werk in jou om jou te verlos, om sy heil, sy redding in my lewe te bewerkstellig. En Hy wil jou die krag gee om saam met Hom te werk. Om sy stem te begin hoor en sy wil te doen.

Om te weet, jy kan verlos word van dinge wat jy weet nie reg is in jou lewe nie. Om te begin

dink in lyn met dit wat Paulus hier sê, “Die verlossing wat God my gee kan my begin verander, ek kan dit begin leef. Ek kan groei. God werk in my, ek kan dit uitwerk. Sy verlossing kan my verander.” Dis jou helm, jou nuwe manier van dink oor groei, radikale transformasie. “Ek is besig om verlos te word. Ek glo dit. Ek dink dit. Ek tree op in lyn daarmee.’

Die helm van verlossing, jou bewuste, daaglikse keuse om jou denke te rig op God se belofte dat Hy besig is om jou te verlos. Wanneer 'n gedagte van bitterheid, onreinheid of vrees opkom, is die helm jou vermoë om daardie gedagte te arresteer, “God werk verlossing in my, ek kan dit uitwerk.”

Kyk wat sê...

**2 Korintiërs 10:5**

...ons vernietig redenasies... en ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

Die helm herinner jou dat jy by die Bron van lewe uitgekom het. ’n Nuwe lewe het begin. Elke keer as jy kniel en bid, elke keer as jy stil word en lees, elke keer as jy aanbid, elke keer as jy bely, elke keer as jy saam met ander gelowiges ’n verskil maak, is jou verlossing besig om te gebeur. Jy WORD gered, nie deur jou eie krag nie, maar deur Sy krag wat in jou werk, en waarop jy wag, waaroor jy dink, waaroor jy bid...

Ook hier, kan ek jou vra of jy steeds, in die hede, nóú in jou lewe, die Heer volg wat jy in die verlede gekies het?

Miskien weet jy jy is op ’n ver plek. Dieselfde roepstem wat jou in die verlede geroep het, roep jou terug. Die helm van verlossing kán nie net iets in die verlede wees nie...

Laastens...

### 3. Die Helm van die Toekoms: EK SAL GERED WORD—die radikale ***hoop*** van geloof

**1 Thessaloniscense 5:8 (NV)**

Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm.

Die wonderlikste, laaste aspek van ons verlossing lê nog in die toekoms. Ons IS gered van die straf van sonde. Ons WORD gered van die krag van sonde. En eendag, SAL ons ten volle en finaal gered word van selfs die teenwoordigheid van sonde en al sy gevolge. Dit is waarna Paulus verwys as die "hoop van verlossing."

**Romeine 13:11**

...want nou is ons verlossing nader as toe ons tot geloof gekom het.

Ons verlossing is “nader”. Maar is ons dan nie al verlos nie? Ja, maar ons is ook nog besig om verlos te word, en ons sal nog verlos word, die dag wanneer Jesus terugkeer en alles nuut maak.

Nie net ons siele nie, maar ons liggame, ons verhoudings, en die hele skepping wat, volgens Romeine 8, sug in afwagting. Dan sal daar 'n nuwe hemel, 'n nuwe aarde, en 'n Nuwe Jerusalem wees. Ons sal nuwe, verheerlikte liggame hê. Geen siekte, geen trane, geen dood, geen verslawing, geen sonde nie.

Die helm van verlossing is ook die helm van hoop op verlossing. Hierdie helm van hoop, om toekomsgerig te dink en te leef, beskerm jou gedagtes teen die korttermyn-denke van hierdie wêreld. Wanneer die lewe jou wil laat opgee om steeds dieper te wandel, te groei, wanneer 'n geliefde sterf, of wanneer die wêreld om jou verkrummel – plaas die hoop van ons finale verlossing ons huidige swaarkry in 'n ewige perspektief.

Die hoop (elpis) in die Nuwe Testament is nie 'n vae wens nie. Dit is 'n vaste, sekere, selfversekerde verwagting. Dit is 'n waarborg. Dit is hoekom Paulus, wat ongelooflik gely het, kon sê:

**Romeine 8:18 (AFR20)**

Want ek reken (I have come to a reasoned conclusion—NTET) dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

Paulus redeneer met homself. Weeg die huidige opofferings op teen dit wat in die toekoms wag.

En hy sê: “Ek reken.” Die Griekse woord...

**logizomai:** om ’n siening te vorm, ’n opinie te vorm, tot ’n logiese konklusie te kom

Paulus het sy opsies oorweeg, “As daar nog ’n verlossing op pad is. As die groot verlossing voorlê, dan wil ek dit nie mis nie. Ek durf nie net leef vir vandag nie. Dit maak nie sin nie. Dis net nie logies nie. Waarvoor sal ek dan hoop as ek net vir vandag leef?”

Mense met hierdie hoop is nie passief nie, onttrek nie van die wêreld nie... Dit is juis die mense wat weet hierdie wêreld is nie al wat daar is nie, wat die hullself opoffer om die wêreld ’n beter plek te maak. Om ook om te gee of ander mense verlos is. Jy volg ’n Redder wat omgee vir mense, wat gesterf het dat hulle verlos word.

As ons na die nagmaal kom dink ons aan verlossing:

Hierdie helm van verlossing, die groot waarheid van God se reddingswerk—die waarheid wat ons denke beskerm teen die leuens van die duiwel—is 'n helm vir gister, vandag en môre.

- Wanneer skuld uit ons verlede ons aanval, dink ons aan ons afgehandelde verlossing in die verlede: "Ek IS gered. Die skuld is tetelestai. Ek het begin leef in 'n diep afhanklike verhouding met Christus, daarom is daar geen veroordeling vir my nie."
- Wanneer ons afdwaal, o trek dan trek ons weer die helm van verlossing vir vandag aan, "Here, ek kan nie op my eie nie. Help my om weer te dink en leef soos 'n verloste mens vir wie U gesterf het."
- Wanneer die wêreld se gebrokenheid ons laat wanhoop, dink ons aan ons verlossing wat nog kom, "Here, ek weet Ek SAL nog gered word. My hoop is seker en vas. Hierdie lyding is tydelik; die heerlikheid van 'n ewige verlossing is op pad."

Ek was onvoorbereid vir 'n dag langs die viswaters... Ek wil nie onvoorbereid wees vir die ewigheid nie.

Ek wil onthou dat die Here met verlossing na My toe gekom het. Ek wil steeds vashou aan hierdie Heer se verlossingswerk. En ek wil wag, gereed vir die groot verlossing wat nog kom....

Toe baie van Jesus se dissipels op 'n dag hulle rug op die Verlosser gedraai het, het Petrus gesê...

**Johannes 6:68–69**

Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en tot die oortuiging gekom dat U die Heilige van God is."